
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

**Februarie 2022**

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



***Corrie Oosthuizen***

***Gebore: 11 Julie 1966***

***Oorlede: 29 Januarie 2022***



***Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, Ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en U staf dié vertroos my. U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae***

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Redaksioneel / Editorial 2
Ter nagedagtenis aan Corrie Oosthuizen Christo Munnik 3
Ter nagedagtenis aan Corrie Oosthuizen Uit die begrafnisbrief 4
Huldeblyk aan my goeie vriend Corrie Oosthuizen - Tommie Laubscher 7
Totsien Oom Corrie - KJ Smeda 9
West of England Tumbler - Simon Jordaan 9
Norwich Kropper deel 6, 7 & 8 - Ds Renier Lee 11
Bou eers die huis dan verf jy hom Nando Oosthuizen 14
Scoreboard and Rules 16


***Deaths***

***Corrie Oosthuizen North-of-the-Vaal***

***Barnard Steyn Western Cape***

## Birthdays

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C002** | - | **At van Jaarsveld** | - | **02-Mar** |
| **K053** | - | **Johan vd Merwe** | - | **03-Mar** |
| **B009** | - | **Jan Wiid** | - | **04-Mar** |
| **G005** | - | **Meis Swanepoel** | - | **10-Mar** |
| **B099** | - | **Terence Jagers** | - | **11-Mar** |
| **H081** | - | **Jannie Kleinhans** | - | **13-Mar** |
| **D044** | - | **Caren Dreyer** | - | **16-Mar** |
| **H084** | - | **Imraan Jappie** | - | **17-Mar** |
| **D047** | - | **Johannes Swart** | - | **18-Mar** |
| **H073** | - | **Hendrik Matthee** | - | **21-Mar** |
| **G042** | - | **Bennie v Niekerk** | - | **21-Mar** |
| **B039** | - | **Louis vd Walt** | - | **22-Mar** |
| **K058** | - | **Phemelelo Maduwa** | - | **25-Mar** |
| **W010** | - | **Christo Nel** | - | **27-Mar** |
| **K028** | - | **Reece Koch** | - | **27-Mar** |
| **W003** | - | **Lizelle Swanepoel** | - | **30-Mar** |



***Redakteur/ Editor***

***Cora Munnik***

Hallo al die duiweboere, hoop dit gaan goed met almal en dat julle gesond is. Ek het verneem van Willie van Zyl wat 'n pasaangeër moes kry maar dit lyk of dit nou baie beter gaan met hom. Groot leemtes is egter gelaat met die afsterwe van my aanneem seun Corrie Oosthuizen wat sy stryd teen kanker verloor het. Oom Barnard Steyn is ook skielik oorlede wat ook weer 'n groot leemte laat in die beoordelaars afdeling. Sterkte aan al die vriende en families van die twee lede.

Soos ek verlede maand berig het moes ons skielik verhuis, dit gaan darem nou beter en Christo se hokke kom ook aan. Weereens het ek erge probleme met die rekenaar gehad wat moes na Windows 10 opgegradeer word en toe dit gedoen is moes die program van die boekie weer aangepas word. Dit lyk darem of alles nou weer in plek is, so die boekies sal nou weer verskyn.

Die Februarie boekie sal vandag nog na Marleen gestuur word en dan is ek ook al besig met die Maart boekie wat ook alweer 'n maand agter is. In die Army sê hulle vasbyt ons is nou nou daar so hier is dit ook dieselfde. Gee nog net so bietjie kans dan is alles weer op datum.

Een van die lekker tye in die SASV het reeds aangebreek toe die skouseisoen oopgemaak het so julle moet lekker skou en ek hoop dat julle almal wenners uit die stryd sal tree.


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873


## Advertisement costs / Advertensie kostes

### *Businesses and non SAFPA members*


Quarter page/Kwart bladsy - R250 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R450 per year/jaar
3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R650 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy - R850 per year/jaar

### *SAFPA members wanting to sell pigeons / SASV lede wat duiwe wil verkoop*

Quarter page/Kwart bladsy - R100 per month/maand - Half page/Half bladsy - R200 per month/maand
3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R300 per month/maand - Full Page/Vol bladsy R400 per month/maand

### *Spes Clubs and members advertising lofts/clubs / Spes klubs en lede wat hokke/klubs adverteer*

Quarter page/Kwart bladsy - R100 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R200 per year/jaar
3 Quarter page/3Kwart bladsy - R300 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy R400 per year/jaar



## *Ter nagedagtenis aan my "aangenome" seun Corrie Oosthuizen*

***Christo Munnik***

Waar begin 'n mens om vir iemand so belangrik in jou lewe dat jy hom jou "aangenome" seun genoem het totsiens te sê na sy afsterwe.

Ek en Cora het in 1982 verhuis vanaf Hillshaven naby Westonaria na Wheatlands plotte in Randfontein waar ons 'n plot gekoop het. Die dag toe ons trek aanland op die plot terwyl ek probeer om my duiwehokke staan te maak daag daar drie seuns op van die naburige plotte om te kom kyk want sien hulle het klaar gesien daar word duiwehokke opgesit en hulle was almal "Roller" boere.

Daar ontmoet ek vir Corrie Oosthuizen wat op daardie stadium 16 jaar oud was, sy jonger broer Kobus en hulle vriend en my buurman se seun Thinus Britz. en van daardie dag af was dit net een ding Birmingham Rollers en weer Birmingham Rollers vir soveel geleentheid hulle gehad het om by my en Cora op die plot te wees. Vakansie tye het hulle vroegdag opgedaag en laat vanaand as hulle nie sommer oorgeslaap het nie weer terug huis toe wat sovêr was dat ek dit met 'n goeie kettieskoot kon raakskiet. Corrie en Kobus se ma was saam met my in die skool en ons het in Randgate twee huise van mekaar af grootgeword. Sy het menigmale as sy ons in die dorp raakloop gevra of haar twee seuns nok ok is want sy sien hulle nooit.

Corrie is later jare met Willemien Vermaak getroud wat ook vandag nog 'n baie spesiale plekkie in my en Cora se harte het. Uit die huwelik is daar vir ons twee drie pragtige kinders gebore naamlik Jeannè, Jesse en Nando wat vandag nog vir ons oupa en ouma sê en die beste is ook dat hulle kinders nou ons kleinkinders ook is. Lekker nê.

Ek en veral Corrie het vir jare saam die Birmingham Roller ding gedoen, 'n vliegklub, Randfontein Distrikte Birmingham Rollers in 1985 gestig wat vandag nog bestaan en groot plesier uit ons vriendskap geniet. Ons het duiwe geskou, gevlieg en onder mekaar uitgeruil want sien ek het soos hy ook maar geleer van die duiwe wat ek ook eers in 1981 begin teel het. Ek het Rollers geboer vandat ek so tien jaar oud was maar eers in 1981 begin met Birminghams.



***Ek en Corrie kuier saam tydens een van sy talle besoeke in Hennenman***

Veertig jaar is 'n baie lang tyd om 'n mens soos Corrie te kon ken en sommer netso totsiens te sê. Ons het egter baie goeie tye saam gehad soos duiweskoue en kompetisies waaar ons lekker saam gelag en gekuier het. Seker die grootste hoogtepunt van ons vriendskap was die dag toe hy die Ken White gedenkskou gewen het met 'n pragtige duifie wat hy geteel het uit twee duiwe wat ek hom gegee het. Dit het my verskriklik trots gemaak op die seun van




***Ek en Cora saam met wyle Wimpie van Vuuren en 'n baie jong Corrie Oosthuizen tydens die 1991 prysuitdeling van RDBR***

my want hy het in 'n baie goeie Birmingham Roller teler verander. Na daardie dag het hy net vorentoe gegaan en is oorlede in my oë as een van die beste Birmingham Roller telers in die land en ek is seker daar is baie ander telers wat dit sal beaam wat ek nou sê.

Corrie ou seun, ek sit vandag weer hier en huil oor jou en mis jou verskriklik veral omdat ek na 'n hele paar jaar weg van jou gebly het en nou weer naby bly waar ons weer kon duiwe boer soos altyd. Ek

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

is darem baie gelukkig dat Nando nog bly waar sy pappa gebly het en dat ek saam met hom kan duiwe boer.

Hoekom die dinge gebeur en die waaroms weet ons nie maar gelukkig weet die Here wat moet gebeur en wanneer so tot ons een dag weer sien rus sag ou seun sonder daardie geweldige pyn wat jy gehad het. Jy was vir veertig jaar ‘deel van my lewe en ek sal jou nooit vergeet nie.

## *Ter nagedagtenis aan wyle Corrie Oosthuizen geneem uit sy begrafnisbrief*



***Jeannè Tester haar man Keth en twee seuns***

***Hoe sê ek dit? Wat sê ek? Geen woorde kan jou beskryf nie, geen sinne kan jou lewe omskryf nie. Enige in sy soort. One of a kind. Daar is soveel groot lewens lesse wat Pappa my geleer het in die eenvoudige dingetjies elke dag: Deur Musiek, hoe om te luister. Deur lirieke en gedigte, hoe om myself uit te druk. Deur visvang, hoe om geduldig te wees, die egte byt kom op die regte tyd, met die regte aas, in die regte plek. Hoe om resilient te wees, deur al die moeilke uitdagings wat Pappa overcome het. Hoe om te glo in jou drome, deur besighede oop te maak. Hoe om aan te beweeg as besighede toe maak... as mense weg stap.***

***Hoe om my kinders lief te hê, deur die manier waarop Pappa ons 3 kinders lief gehad het. Hoe om so brave te wees, deur die way wat Pappa so hard baklei het. Solank as wat daar nog ‘n sonsopkoms was, was daar nog hoop. Was daar nog ‘n kans. Hoe God my liefhet, deur die onvoorwaardelike liefde wat Pappa vir my gehad het. My elke dag gesê om vir die kinders te vertel van Jesus en dat Hy lief is vir hulle. Ek Koester die laaste keer wat ek Pappa ‘n stywe drukkie gegee het op die lughawe, nooit gedink dit sou finaal gewees het nie, hoe Pappa die trane terug gehou het, hoe Pappa se hart geklop het in my oor, hoe Pappa geruik het... “Jeantjie, my kind, ek is lief vir jou en Keithie en die kinders” Ek is trots om Corrie sê dogter te wees, trots dat Pappa my Pa is. Dankbaar vir alles. Dankbaar hoe lief ek en Jess en Nando vir mekaar is, soos Pappa ons geleer het. Hoe om saam te staan. Hoe om die wêreld te face. Hoe om die mooi in ander raak te sien. Grace vir mense te gee. Vir die wat ons liefhet te sê ons het hulle lief, elke dag. Die wat ons seer maak te vergewe. Ek leer my kinders soos Pappa my geleer het. So vind ek my seuns mekaar in musiek. So vind my seuns Pappa in die musiek. Rus sag Pappa, ek belowe ek sal nie verby Pappa stap in die Hemel nie. Ek is so lief vir Pappa. Jeannè***



***Jesse Gouws haar man Waldo en haar twee kinders***

***Pappa,***

***Dit is moeilik op die minste op ‘n poging aan te wend om pappa te probeer eer in woorde en nog ‘n moeiliker taak om vas te vang wat pappa vir ons beteken, in die instansie sal woorde so vêr onder die merk val dat dit amper futiel is om te probeer. Die laaste les wat ek by pappa geleer het was dat die lewe verseker kort en baie te gereeld wreed is, maar dat ons met tye nogsteeds kon saam lag en n klein bietjie blyskap kon vind en dankbaar wees vir mekaar ten spyte van die omstandighede.***

***Ek is kwaad (en nie bang om dit te sê) dat pappa die stryd moes verloor het, want ons het en sal nog altyd vir pappa ongelooflik nodig hê; maar ek staan nogsteeds verstom oor hoe eerbaar en hard pappa hierdie stryd baklei het en***

daarvoor sal dad altyd ons HERO wees.

Waar woorde my kort val weet ek pappa weet wat is in my hart; as ek een ding nou kan sê is dit dankie, dankie vir alles wat pappa vir ons is en was, vir alles wat pappa vir ons gedoen het, vir al die sommer net bel en geselsie, vir wie ONS is te danke aan pappa. Ek is so danbaar dat pappa as ons pappa gekies was en nog meer dankbaar dat ons kinders so blessed was om pappa as 'n oupa te hê.

Ek wens ek kon die woorde kry om te sê hoe onbeskryflik lief ons jou het en tot die einde van dae nog sal hê en weet net dat ek enige iets sou gee om pappa gesond saam met ons te hê; maar vir nou tot ons mekaar weer sien sal ek daai blou oë, die lag van my kinders elke keer as hulle saam pappa was, die nuwe musiek wat ons altyd met mekaar gedeel het op WhatsApp, die saam luister van musiek in pappa se sitkamer, pappa se sê dinge, pappa se stem, pappa se drukkies ALLES van pappa ongelooflik verlang.

Ek het pappa lief met alles wat ek is!

Jess <3



Nando Oosthuizen en sy verloofde Chloè van Niekerk

Dad, ek wil net begin om te sê dankie, dankie vir al wat Dad vir ons gedoen het en vir die beste pa waarvoor mens ooit kon vra. Woorde kan nie beskryf hoe stukkend my hart is nie, om my beste vriend, my hero, my dad nie meer hier te hê om nog een keer by die duiwehokke te staan of agter die loopring te sit en duiwe boer maar ek belowe om pa se legacy voort te dra - ek het groot skoene om te vul, net nog daai een visvang trip saam te hê, grappe te maak, saam te lag en net die oomblik te geniet, net nog een keer te sit en tot laat musiek te luister tot vroeg die volgende oggend.

Ek gaan pa baie mis en sal ook vir altyd dad mis tot die einde toe, vir my is die nie bye nie maar tot ek pa weer sien en ons kan net in die ewigheid duiwe boer en fish vir altyd, Ek is onbeskryflik baie lief vir Dad die legend, my beste vriend, my hero ek sal dad NOOIT VIRGEET NIE. 123 Nans

Bevoorreg

Hoe bevoorreg was ek om jou ma te wees, om jou te leer spel en ook te leer lees. Soms het ons saamgespeel en gelag, soms moes ek jou tug – en o wee soms vir jou 'n pakslae gee. Ek was so trots as ek jou skool toe neem want met jou blou ogies was jy vir my die mooiste een. Toe word jy groot en moet "army" toe gaan. Dit was nie maklik om jou aan hulle af te staan, na 2 jaar kom jy terug en moet gaan werk. My mooie kind nou groot en sterk! Bevoorreg ook was jy om te trou en 3 prag kinders te kry, Hoe bevooreg was ook jy my kind om jou Verlosser was Saligmaker te vind.

Nou moet ek jou groet – Rus my kind tot ons weer ontmoet.

Poem for Corrie

God saw you getting tired,
and a cure was not to be,
With tearful eyes we watch you slowly fade away,
Although we love you dearly,
We could not make you stay.
A golden heart stopped beating
Hard working hands at rest
God broke our hearts to prove to us
He only takes the best.
Ma Jakkie

Ek gaan dit mis om saam jou vis te vang, die kere wat ek wat ek vir jou 'n vleisie kon braai. En jy het altyd' n grappie of storie gehad om te vertel. Ek gaan jou baie mis.

Boetie

Want jy was my Ouboet

Ek het so baie by jou geleer want jy was my Ouboet wat so gesê het.
Moet nooit in die kar langs jou se "blindspot" ry nie, want Ouboet sê so.
Moenie bane verwissel in 'n interseksie nie want Ouboet sê so.
Sit jou voet voor of agter die lyn op 'n roltrap, want Ouboet sê so.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

*Alles wat ek weet van excel, kom van want Ouboet sê so.*
*Luister na die woorde nie die ritme of "beat" van die liedjie, dis soveel mooier want Ouboet sê so.*
*Jou masker is nie daar om jou ken of baard warm te hou nie, want Ouboet sê so.*
*Orals om my, in die allerdaagse lewe dra ek jou saam my, maar eendag in die hemel is ek saam met jou daar,*
*want God sê so…*
*Kobus Oosthuizen*

---

*Ons dankies*
*Eerste wil ons dankie sê vir almal wat hier is vandag, familie, vriende en vriende wat al vir so lank familie is. Ons pa sou geëer gewees het deur almal se teenwoordigheid.*

*Baie dankie vir Ds Riko en die kerk vir die gedenkdiens en al die hulp wat aan ons verleen is vandag.*

*Ons wil ook net graag 'n spesiale dankie sê vir 'n paar mense wat ons en ons pa so wonderlik bygestaan het en so ongelooflik baie vir hom gedoen het in die tyd wat hy julle die meeste nodig gehad het:*

*Chloe, Waldo & Keith ek dink nie enige skoonpa kon vir beter skoonkinders gevra het nie. Dankie dat julle hom en ons so fiercely beskerm en gehelp het van die begin af, dankie dat julle hom liefhet soos julle eie pa, vir die rond ry, vir al die bel, vir al die hulp die laaste drie weke wat ons so bevooreg was om hom by die huis te hê en julle nie een maal gehuiwer om die heeltyd daar te wees, te help, te troos, te alles. Ons kan nie genoeg dankie sê nie en ons sou dit nie sonder julle kon doen nie!*

*Tita vir die 100de km's hospitaal toe ry vir solank as wat pappa Tita nodig gehad het vir die wonderlike kospakkies wat Tita vir pappa gemaak het wanneer hy vir chemo moes gaan waarvan hy ons nooit genoeg kon vertel, dat Tita daar was enige tyd wanneer ons gebel het vir al Tita se opoffering in tyd, dankie vir al Tita se hulp bystand en liefde en weet net dat geen woorde ons dankbaarheid kan oordra nie.*

*Oom Tom Laubscher waar begin ons 'n kort dankie vir oom ook vir al die rondry, die hospitaal bel die bystand, al die bid en sommer net daar wees, vir alles wat Oom Tom vir pappa mee gehelp het by die huis. Julle wonderlike vriendskap oor al die jare is iets waarna ons opkyk en ons is dankbaar ons pa het 'n vriend soos Oom Tom gehad.*

*Ons wil ook graag net dankie sê vir ons werke vir al die ondersteuning en verstaan en vir Medwell SA vir die engele wat hulle op ons pad gestuur het wat ons pa soos goud behandel het in sy laaste tyd.*

*Ons wil ook weereens terug kom na elkeen wat hier is en die wat dalk ook nie hier kon wees nie, baie dankie dat julle onophoudelik ons pa in julle gebede gehou het, gereeld gevra het hoe dit met hom gaan en julle hulp aangebied het. Ons pa was 'n wonderlike man en dit het verseker deurgekom in elk een van julle.*
*Baie dankie aan elk een wat van vêr gekom het en vir elk een wat op die live stream kyk wat nie hier kan wees nie.*

*Dankie aan Oom Robbie en Martin's Funeral vir al julle hulp en dat julle my pa so mooi vasgevang het saam alles waarvoor hy lief was. Indien ons van iemand vergeet het vra ek nederig omverskoning maar weet net ons is bewus en dankbaar vir almal wat hierdie pad saam ons geloop het.*










Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



### *Huldeblyk aan my goeie Vriend Corrie Oosthuizen 11/07/1966 – 29/01/2022*

***Tommie Laubscher***

Corrie is gebore in Randfontein en het groot geword op Wheatlands Plotte.

Dit was van jonks af duidelik dat sy liefde vir duiwe (Vernaam Rollers) 'n absolute passie was. As jong seun het hy vir Christo en Cora Munnik ontmoet en hul was feitlik bure gewees. Corrie het saam Christo duiwe gekuier en van sy eerste beste rollers vanaf Christo bekom. Saam het hul vir jare duiwe geteel en die passie het al hoe meer gegroei vir die roller sport. Hul het saam die RDBR (Randfontein Distrikte Birmingham Roller) klub gestig. Corrie was sy lewe deur baie lief vir Christo en Cora, saam het hulle Corrie en later sy gesin gesien as hul eie kinders en vandag noem Corrie se kinders selfs nog steeds vir Christo hulle, Oupa en Ouma. Wat 'n fantasiese lewensband wat hul gevorm het net deur dieselde ding in gemeen te hê "Duiwe".

Ek was bevooreg om Corrie en sy gesin, plus vir Christo, Cora en hul gesin te ontmoet rondom 1990. Ek het werk gekry in Randfontein en in die plaaslike Herald Koerantjie die duiwe klub en kontak details raak gelees. Dis toe net daar waar baie jare se goeie vrienskap en kameraadskap begin het. Daar was 'n klompie goeie roller boere en 'n lekker kompeterende klub. Hulle het my dadelik laat tuis voel en in pas was glad nie moeilik nie. Christo en Cora het kort nadat ek hul ontmoet het verhuis na die Vrystaat (Kitty). Dit het my en Corrie se vriendskap met Christo hulle glad nie gedemp nie. Elke kans wat ons gekry het, was ons in Kitty. Ons kon nie wag vir 'n skou in Welkom nie, dan het ons die naweek Kitty toe gejaag en lekker gaan kuier.

Saam het ek en my maat duisende kilometers afgelê. Duiwe skoue bygewoon, later resies duiwe getoss en as daar 'n partytjie was, was ons daar. Corrie het 'n fantasiese slag gehad met rollers, hy was geseënd met kennis aangaande die ras, kennis wat min mense het. Hy het as jong seun voor 1987 al 'n familie duiwe begin beplan. Die plan was om Birmingham rollers absoluut twee doelig te teel en ook so te kompeteer. Deur die duif se skou eienskappe en die rol in die lug saam te voeg was die uitdaging. Hy het in 1987 die Ken White Skou in Suid Afrika algeheel gewen met 'n Tortoishell hen, wat hy bygesê voor die skou vir die groot manne van daai tyd gewaarsku het, dat hy net een duif nodig het om die skou te wen. Deel van sy prys was 'n vakansie gewees. As gevolg daarvan het hy besluit om uit die hen, die familie duiwe verder te vat en tot vandag toe staan hul bekend as die Vakansie Wenners. Al die jare wat ons saam geteel en gekompeteer het was Corrie elke jaar die Liga Kampioen ,beste op skoue gevaar en hy het ook die spesiale kompeties in gepalm. Wat 'n fantastiese voorbeeld en leer meester was hy nie vir my en baie roller boere nie.

In 1994 het ek besluit om kort pad te vat. Corrie het 'n klompie duiwe gehad wat hy uit skuif en ek het hom gevra of ek by hom kan aansluit en ook sy familie duiwe teel. Na 'n lang gesprek waar hy my probeer oorreed het om dit nie te doen nie, want op daai stadium was my duiwe puik in die lug, MAAR nie heeltemal twee doelig soos syne nie, het ons eens besluit dat dit great sal wees. Dan praat ons heelemal dieselfde taal. Lang storie kort, in 1995 presteer ek puik met die Vakansie Wenners in die lug asook, ek palm toe die 1995 SASV Kampioenskap skou in. Wat 'n besonderse dag was dit nie, om iemand langs jou te hêe wat werklik uit sy hart trots was op jou. Ek dink Corrie het daai dag amper n traan gepik toe ek die SA's wen. Christo was beoordelaar en die reserwe duif op die skou was die 8 jaar oue Vakansie Wenner hen haarself.

Al Corrie se duiwe is net na die SA's in 1995 uit sy erf gesteel, terwyl ek en hy besig was om ons German Shepherds op 'n Saterdag middag by die honde klub af te rig. Gelukkig was daar van die familie duiwe by my en hy kon weer aan gaan met hulle. Ons het tot vandag toe nog nie een van daai gesteelde duiwe gesien nie. Die lewe het sy pad met ons gestap en daar was moeilike en besige tye gewees afgesien van duiwe teel. Soms het ons vervreemd geraak want albei van ons was besig met familie sake en soos meeste het ons, ons gatte af gewerk. Tog het ons altyd kontak gehou en geweet die een is daar vir die ander.

Behalwe vir duiwe was Corrie een van die intelligenste mense wat ek nog ooit tee gekom het. Hy

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

het alles atyd in detail op geneem, nagevors en uit gevoer. Selfs as hy n grap vertel het was daar altyd detail tot die fynste toe gewees. Ons het saam ‘n passie vir musiek gedeel en kon nagte deur kuier en musiek speel, gesels en natuurlik ernstig saam sing. Later van jare het hy homself geleer kitaar speel en ons baie aande Vermaak. Darts en Pool speel het ons op geleentheid saam gedoen en ons was ‘n span van rekenskap. Goeie oomblikke wat besonders was, as ons saam staan as dit begin lig word en ons beleef die dagbreek. Wat ‘n geweldige slag, wat jy net kan hoor as jy wakker is.

Saam het ons en ons families tyd gespandeer, vis gevang en in detail kon hy jou vertel hoe watter soort aas werk en wat die resultaat hoort te wees. Hy het sy eie metodes en aas resepte ontwikkel en ook later ‘n besigheid besit, met die visvang bedryf. Ons en Ons Seuns het saam kosbare dae langs die water spandeer terwyl ons Bass Jag. Wat ‘n fantastiese herrinering.

My Maat het ook soos meeste van ons, maar eers later besef dat ons nie als in die lewe deur eie wil doen en reg kan kry nie. Ons leiding en beskerming nog al die jare het van Onse Vader se genade en Sy wil af gehang. Ons het vir ure oor die Woord en Onse Vader se wonderwerke in ons lewens gesprek gevoer. Hy en Lyda kon maklik die tyd verduister, soos hulle oor die Woord betrokke geraak het. Hy het met soveel passie en opgewondenheid oor die Woord gepraat, dat jy feitlik gevoel het asof jy dit fisies beleef. Hy was vernaam baie geraak deur Job en die pad wat Job gestap het al sy lewe deur sonder om God te verloon. Corrie het die hele boek vir my en Lyda verduidelik, nie omgegee of ons die storie ken of nie, hy het net laat waai met oorgawe. In Januarie 2022 net voor sy afsterwe het ek hom nogal herriner aan Job en sy stryd. My maat was op daai stadium besig met ‘n geweldige lewens stryd.

Getuienis wat ek nooit sal vergeet nie: Corrie kom die aand by my aan en vertel my, hy sê: Tjom, jy sal nie glo wat vanmiddag gebeur het nie. Hy vertel my hoe hy die rollers in die lug staan en kyk. Sy pas ingebreekte babas. Daar kom toe skielik ‘n storm op, die wind waai en dit begin reën en die duifies is nog hoog in die lug. Nou ons almal weet as dit met ‘n jong roller span gebeur is dit nag, jou verliese mag groot wees. Hy vertel my, Tjom ek beskuit myself amper, Dit reën emmers en jy sien net Bus kaartjies waai, ek staan daar buite en vra die Here: Waarom nou Here?, kan dit nie net asseblief ophou reën en die wind gaan lê, totdat ek my duiwe af kry nie?. Ek probeer mos meeste van die tyd ‘n ou se storie klaar maak (Nie ‘n goeie gewoonte nie), en ek vra hom toe: So toe hou dit op reën en die wind gaan lê? Corrie lag toe net en sê vir my: Nee my Tjom, die Here dink nie soos ek en jy nie en Hy het sy eie manier om ons te help. Corrie vertel verder: Jy sal my nie glo nie Tjom, die volgende oomblik toe kom daai hele pak roller babas in daai wind en reën oor die dak gevlieg en gaan sit voor die hok op die gras. Natuurlik was my woorde aan hom, dis ongelooflik my maat!!!. Ja sê Corrie, dit wys jou net, wat ek eintlik wou gehad het was dat my duifies terug kom, en dit het die Here vir my gedoen, met Sy wonderwerke wat Hy verrig in ons lewens, hoekom moes Hy die storm stop as al wat ek eintlik wou hê, is om die duiwe veilig terug te kry. Hoe fantasties is dit nie !! wat wil jy meer as bewys hê, dat Onse Vader al om teenwoordig is.

Met Corrie se behandeling by die hospitaal was ek bevoorreg om hom ‘n paar keer te vat en by te staan. Die een keer toe ons daar kom, vroeg die oggend, is daar ‘n lang ry voor die ingang. Hy sê toe vir my, dis vir screening vir die virus. Op daai stadium het Corrie ‘n rystoel gebruik want hy was al swak en het probleme met sy een been opgetel. So staan ons toe in die ry en skuif stadig vorentoe. Net toe ons voor kom sien ek die metaal verklikker en weet die rystoel gaan nie deur pas nie. Die sekuriteit sien my en vra dat ons die sy deur se ingang moet gebruik. Dadelik is ek opgeruk en vra hom of hy my nie ‘n half uur vroeër dit al kon sê nie. Nie te min, ons gaan deur die sy deur en redelik omgekrap, stoot ek daai rystoel doelgerig, ons kap hom reg verby al daai screening punte, so 20m verder kyk Corrie om na my en sy woorde was  Smaak my ons het vandag die screening ‘n mis gegee Tjom. Selfs in sy swaar kry en lydings tydperk, waar hy op sy siekste was, was hy nog steeds skerp en tyd gemaak vir lag.

Ek het hom geken so goed as wat ‘n vriend kan, hy is vir my baie spesiaal en vandag is daar ‘n leemte wat ek en sy kinders, familie en vriende met goeie herrineringe moet vul. Omtrent 4 weke voordat Corrie sy asem uit geblaas het, was ek bedroef en het gesoek na antwoorde. Dit was verskriklik om ‘n maat so te sien ly. Ek het die Here gevra vir antwoorde, want ek kon myself nie berus met wat met my vriend gebeur nie. Die Heilige Gees het my genader in ‘n droom en my vraag beantwoord. Dit was weereens ‘n droom wat my onder bewussyn in des lewens nooit sou kon beraam nie. Lyda het my gehelp om die detail in die droom te vind en die uitleg aan my gegee. Onse Vader het my gerus

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

gestel, dat Hy nie Sy hand van Corrie af geneem het nie. Ek moes ‘n boodskap aan Corrie oor dra en hom vertel van die droom. Onse Vader het my gevra om vir Corrie te sê dat Hy hom nie verlaat of vergeet het nie, maar dat Corrie met Hom moet praat. Vandag glo ek dat Corrie, dit wat tekort gekom het met sy pad na die Hemelse Koningkryk, dat hy dit uit gesorteer het met Onse Vader en dat hy voorbereid en gereed was in geregtigheid om die ewige lewe te betree. AMEN.

Dit isnog steeds n plesier om sy kinders, vriende en familie te ken. Hy is, in wat hy hul geleer het n puik Pa. Sy kinders en familie het hom tot die laaste toe by gestaan en versorg met alles wat hul het. Sy seun Nando teel tans voort met die rollers en het net so passie vir hulle soos wat Corrie het. Gelukkig het Corrie my ‘n Tjom gelos wat my amper elke dag aan hom herrinner. Hoe geseënd mag ek wees. Ek glo Corrie is baie trots op Nando, Jesse en Jeanè en sy liefde vir sy familie en klein kinders is onmeetbaar.

Wat vandag voel soos ‘n vrienskap wat in ‘n oog wink weg is, is gevul met lewenslange herrineringe. Dankie Onse Vader dat U Corrie vir ons geleen het en dat hy bestem is om saam U in die Hemelse Koningkryk te dien.



## *Totsiens oom Corrie*


***KJ Smeda***

Ek was bevooreg om oom Corrie Oosthuizen vir ‘n baie kort tydperk te kon ken. Hy was my roller oom wat my baie geleer het. Tydens skoue het hy altyd tyd gemaak om my meer te leer van Birmingham Rollers en wat ek voor moet uit kyk

Selfs as hy beoordeel het was daar altyd tyd vir ‘n vinnige les of twee.

Ek deel graag ‘n foto van my eerste duif  wat gebroei is uit oom Corrie en oom Nando se duiwe genaamd “oom Corrie”
Ek gaan oom baie mis op die skoue





## *West of England Tumbler Pigeon*

***From The Pigeon***

***Submitted by Simon Jordaan***

**Characteristics & Uses**
The West of England Tumbler pigeon is a breed of domestic fancy pigeon from United Kingdom. It was developed over many years of selective breeding. And the breed along with other varieties of domesticated pigeons, all are descendants from the rock pigeon. It was actually developed in England in Bristol and the surrounding West Country in the late nineteenth and early twentieth centuries.
It is a remarkable dual purpose pigeon breed which is good for both flying and exhibition purposes.
Today, most of the West of England Tumbler pigeons are bred in the United States, and are a popular show bird. They are very well-regarded as a reliable breeders, and it is probably the main reason for their growth in popularity with the American fanciers.

Although there are many fanciers in the British Isles who are interested in this flying bird. The breed is well known for their ability to fly very high (almost to the point of disappearing in the sky) in the British Isles. Similar to the modern Birmingham Roller Pigeons, the early West of England Tumbler pigeon could perform well in teams known as 'kits'.

These birds were flown for up to twelve hours, according to some records from the nineteenth century, and they were trained to go extremely high. Currently some breeders are working to develop the West of England Tumbler pigeons which don't go quite as high as the traditional birds, which is sometimes described as going up to become a speck in the sky. Read some more information about the breed below.

**West of England Tumbler Pigeon Appearance**


Photo and info from RightPet and Wikipedia.

West of England Tumbler pigeon is an average sized breed. It is a very beautiful and colorful bird with a very attractive white or pearl eye. The birds have muffs on their legs which are also very attractive.

Currently it is mainly bred as a show bird in the United States, with emphasis on the interesting colors, markings and patterns. The breed is actually available in many color varieties.

Average height of the mature West of England Tumbler pigeons is between 20 and 23 cm. And the mature birds on average weight between 255 and 340 grams.

**Uses**

The West of England Tumbler pigeon is a dual purpose breed. It is raised and used for both flying and exhibition purposes.

**Special Notes**

The West of England Tumbler pigeon is well known for it's natural tameness and relatively calm attitude. It is one of the easier fancy pigeons for beginners to raise and bred with success.

The breed can also be good as pets if properly cared, but be aware of the predators. The West of England Tumbler pigeons are excellent flyers, and they turn or tumble occasionally. Although they are a high flying performing birds, but they may not tumble so persistently as some other breeds. Average lifespan of these birds is about 7-10 years.

However, review full breed profile of the West of England Tumbler pigeon in the following chart.

| | |
|---|---|
| Breed Name | West of England Tumbler |
| Other Name | None |
| Breed Purpose | Flying, exhibition |
| Special Notes | Well known for it's natural tameness, relatively calm in temperament, easy to care, good choice for beginners, good as pets, excellent fly ers, tumble occasionally |
| Breed Class | Medium to large |
| Weight | 255-340 grams |
| Climate Tolerance | Native climates |
| Flying Ability | Excellent |
| As Pets | Good |
| Color | Many |
| Rarity | Common |
| Country/Place of Origin | United Kingdom |

The pigeon S.Jordaan

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



*NORWICH KROPPER*

***Ds. Renier Lee 2020/21***

**HOOFSTUK 6**

Tot dusver het ons gekonsentreer op klein foute by die beoordeling van Norwich Kroppers. Uit dit wat ons reeds bespreek het is dit duidelik dat elke beoordelaar nie net die anatomie van die duif moet ken nie maar ook deeglik bewus moet wees van die standaard en moet hy hierdie standaard ken en reg interpreteer.

U kan dus verstaan dat die Norwich Kropperklub reeds in die sewentiger jare besluit het dat die beoordelaars by streekskoue maar veral tydens Kampioenskapskoue duiwedae moes by gewoon het, alvorens hulle genomineer word om by skoue as beoordelaar op te tree. Hierdie besluit is krities belangrik as ons eenvormigheid onder ons telers en beoordelaars wil bevorder. By hierdie hoofstuk bespreek ons een van die belangrikste aspekte van die Norwich Kropper. Dit is egter ook een van die mees omstrede punte wanneer oor beoordeling gepraat word omdat daar baie misverstande is en jou oë jou ook so maklik kan bedrieg. Die standaard sê duidelik dat die bene tussen 9.5 en 10 cm lank moet wees. Die vraag is vanwaar tot waar word die been gemeet en dit verstom my dat senior beoodelaars nie vir jou kan antwoord wanneer hierdie vraag aan hulle gestel word nie.

Ook kry ek soveel keer die opmerking dat die duif se bene te kort is terwyl die persoon nie eers die moeite gedoen het om die been lengte te meet nie. Dalk is daar van ons telers en mede beoordelaars wat wonderlike onderskeidings vermoeë het en dadelik die reg het om die beenlengte te kritiseer met ‘n arrogansie wat ek nie kan verstaan nie. Tydens die SA’s van 2016 was my Kropper wyfie die beste duif op skou. Die volgende oggend moes ek verneem dat een van ons senior beoordelaars vir verskeie telers sy wonderlike kennis oorgedra het van die duif wat nooit die prys moes kry nie omdat die duif se been lengte te kort is.

Nadat ek dieselfde storie by verskillende telers gehoor het, het ek die betrokke persoon gekonfronteer en hom gevra oor die duif se beenlengte of anders gestel tekort aan beenlengte. Met dieselfde arrogansie het hy aan my probeer verduidelik dat die duif se bene hopeloos te kort is. Ek het hom gevra of hy die beenlengte gemeet het en sy antwoord was dat hy nie nodig het om die beenlengte te meet nie want dit is duidelik vir elkeen om te sien. Ek het hom gesê dat dit vir my en die hoofbeoordelaar nie so duidelik is om te sien nie en dat hy vir my moet aantoon hoekom hy die stelling maak. Ek het hom ook gevra vanwaar tot waar word die beenlengte gemeet? Sy eerste antwoord was heeltemal verkeerd. Ek het hom gevra waar sy standaard is waar hy dit gelees het. Weer was die antwoord absoluut onaanvaarbaar want volgens hom is hy meer as 10 jaar reeds senior




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

beoordelaar en kan hy sien sonder om te meet of die beenlengte aan die standaard voldoen al dan nie.

Ek het die betrokke duif geneem en met 'n ronde sosatiestokkie wat presies 9.5cm gesny is die duif se been voor ander telers gemeet terwyl die senior beoordelaar toegekyk het. Ongelukkig maak hy toe weer 'n gruwelike fout deur vir my te sê dat dit nie die regte metode van meet is nie. Ek haal toe voor almal die standaard uit en lees die punt oor die bene kliphard. Weer meet ek die lengte van die been en daarvolgens was die been omtrent 1 mm langer as die 9.5 cm meetstokkie wat ek altyd by my dra. Die telers het begin lag en ons vriend het net omgedraai en weggeloop. Hoekom hou ek die 9.5 cm meetstokkie altyd by my? Die antwoord is eenvoudig. Hierdie senior beoordelaar is nie die eerste persoon wat ek al moes leer hoe bedrieglik die beenlengte van kroppers soms vertoon nie.

Hier wil ek ook 'n baie belangrike tweede punt maak en dit is dat ons ontsettend vining kort bene wil penaliseer terwyl lang bene so 'n wonderlike eienskap is. Weer is ons verkeerd want die standaard noem by implikasie, pertinent dat bene waarvan die lengte langer as 10 cm is, ook gepenaliseer moet word as 'n fout. Te lang en te kort bene is dus 'n fout en in Duitsland word teen beide hierdie foute gediskrimineer veral omdat hulle duiwe, wat uit Brunners geteel word, vir nuwe kleure, soms die probleem van te lang bene vertoon. Waar meet ons dus die lengte van die been en die standaard stel dit duidelik van die binnekant van die bobeen (waar die been en die lyf bymekaar kom) tot by die bal van die voet.

Ek wil dit duidelik stel dat ek oor baie jare, baie kroppers se beenlengte gemeet het en ek wonder of ek ooit by telers se hokke en by skoue meer as 5% duiwe gekry het met te lang of te kort bene. Meestal is dit ons oë wat ons bedrieg veral as die duif se vlerke te diep is of as die boonste deel van die lyf deur die vlerkbedek word. Weer moet die teler en beoordelaar versigtig wees want 'n goed afgerigte duif wil baie keer haar stert sleep agter die beoordelaar en dan sak die vlerke en vertoon die bene kort. Soms is die digtheid van vere ook 'n probleem en vertoon die bene dik en kort. Hier moet ek ook wys op 'n probleem wat baie van ons beoordelaars nooit eers besef nie.

Om dit te doen moet ek 'n voorbeeld van ons beesrasse noem. Van ons beesrasse kom van koue sneeu gebiede oorsee. Hulle is dus aangepas in koue dele en aard ook in ons land in koue gebiede. Ander beesrasse floreer in warm gebiede en selfs in tropiese gebiede. Die beeste van koue gebiede het langer hare om hulle te beskerm teen die koue terwyl beeste in warm gebiede baie kort hare het. Dieselfde geld vir ons duiwe wat in koue gebiede aangepas is en baie vere het om hulle te beskerm teenoor duiwe in warm gebiede waar die temperatuur baie keer 35+ grade is. Omgewing speel dus ook 'n belangrike rol en elke beoordelaar moet bewus wees van al hierdie moontlikhede en dit in sy beoordeling verdiskonteer.

**HOOFSTUK 7:**

Die Norwich Kropper is diè blaasduif met die grootste krop. Die krop tel ook die meeste punte naamlik 25. In die Beoordelaarshok moet hierdie krop altyd so groot moontlik wees met volle beheer deur die duif. Wat word bedoel met volle beheer? Die duif moet die krop so beheer dat hy altyd volle beheer oor die krop het sonder om te styf te blaas, of skeef te blaas, of om te sukkel om sy balans te hou. Verder moet die krop van alle kante rond vertoon. Om rond te vertoon moet die krop rondom die lyf wegbreek in 'n geboë kurwe. Baie van ons duiwe is op die agterkant, met ander woorde vanaf die rug tot agter die kop, te plat. Dit veroorsaak dadelik dat die ronde kurwe verbreek word en dus nie meer rond vertoon nie. Ander duiwe sny nie aan die voorkant van die lyf weg nie en vertoon 'n feitlik reguit lyn, met die onderkant van die lyf. Dit veroorsaak ook 'n verbreking van die ronde kurwe en begin peervormig te vertoon.

Vanaf die vlerke moet die krop ook aan beide kante gelyk wegsny sonder dat die eenkant groter vertoon as die anderkant. Wanneer dit wel gebeur is dit gewoonlik die regterkant wat groter vertoon. Indien die linkerkant groter vertoon kan dit in die meeste gevalle 'n gewas wees wat 'n litteken gelaat het na genesing, of wat nog nie genees het nie. Telers en beoordelaars kan gerus so 'n duif hanteer en seker maak wat die oorsaak van die skewekrop is. Soms het die krop reg van voor 'n effense duik wat ook die gevolg van 'n gewas kan wees. Belangrik egter is die oog en die bal van die voet wat loodreg bokant mekaar moet wees. Sou 'n loodregtelyn ontbreek moet die teler en beoordelaar vasstel waar die fout is.

Dit is belangrik dat die fout gesoek moet word. 'n Duif met 'n kleiner krop maar met 'n loodregtelyn tussen bal van voet en die oog kan dus die klas wen teenoor 'n duif met 'n groter krop maar met 'n

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

loodregtelyn wat ontbreek. Ek het nie ‘n probleem om ‘n duif soms bietjie af te blaas nie want ons moet onthou dis vir die duif ook ‘n vreemde situasie. Tydens beoordeling moet die beoordelaar seker maak dat die duiwe voor hom, veral mannetjies. nie begin baklei nie. Sou ‘n duif volhard met ‘n bakleiery en die ander duiwe ontwrig sal ek so ‘n duif alleen in ‘n hok sit of selfs in my hand vashou totdat die ander duiwe weer rustig is en ek ‘n goeie indruk van die ander duiwe gekry het. Indien die duif steeds volhard om te baklei sal ek hom laer af plaas of selfs uit die loophok verwyder as ek oortuig is dat ek die duif genoeg geleentheid gegee het om homself/haarself te vertoon. Belangrik is om elke duif kans te gee om homself/haarself te vertoon.

Nou het ons al die duiwe in die klas beoordeel en weet ons reeds, sonder om die duiwe amptelik te plaas, watter duiwe ons die meeste beindruk het. Ek raai beoordelaars altyd aan om net twee duiwe op ‘n slag teen mekaar op te weeg. Dit is baie belangrik en veral in groot klasse kan enige beoordelaar baie gou verbouereerd raak as hy almal gelyk wil beoordeel. Hoeveel keer het ek nie gesien dat ‘n beoordelaar elke klas voor hom goed beoordeel net om in die finaal klei te trap en onderdruk te swig nie. Stel in jou geestesoog twee duiwe teenoor mekaar en bepaal watter van die twee die beste is. Doen so met al die duiwe in die klas. Begin nou om jou wenners van elke twee teen mekaar te plaas, ook twee, twee op ‘n slag totdat jy die klas klaar gedoen het.

Nou begin jy die duif wat jy in jou gedagte nommer een geplaas het en beoordeel jy hom/haar en jou nommer twee duif weer teen mekaar. Die wenner hier gaan moontlik jou klas wenner ook wees. Neem dan die duif wat so pas teen jou nommer een duif uitgeval het en beoordeel hom/haar teen nommer drie duif. Maak seker dat die beste van duiwe twee en drie wel tweede geplaas word en so gaan jy af tot by die vyfde plek sou jy vyf plekke toeken. Die probleem kom wanneer die vyfde duif volgens jou nou beter is as die vierde duif of die derde duif beter is as die tweede duif. Die hele proses word dan herhaal. Die derde duif kan dalk beter wees as jou oorspronklike eerste duif of die oorspronklike vyfde duif kan dalk ook beter wees as jou derde duif.

Sodra jy die duiwe finaal geplaas het deur hierdie evaluering, maak jy jou plasing bekend en dan begin jy met die belangrikste deel van jou beoordeling. Jy moet nou jou plasing positief motiveer. Begin by jou laaste plek duif en bespreek alles positief met ander woorde die duif het mooi bene en ‘n mooi krop. Hierna volg duif nommer vier en weer doen jy dit positief. Die duif het ook mooi bene en ‘n mooi krop maar klop nommer vyf omdat die krop effens groter is. Nou bespreek jy nommer 3 en noem dat die duif baie mooi balans vertoon met ‘n mooi krop en goeie been aanhegting. Hy wen die nommer 4 duif omdat al sy merke baie goed is en jy van die ronding, veral agter die nek baie hou.

U sal merk dat ek nie negatief kommentaar gelewer oor duif nommer 4 se swak “backblow” nie of oor duif nommer 5 se klein kroppie nie. Dieselfde doen jy met duif nommer 2 as ook jou wenduif. Jy kan jou motivering baie meer uitbrei as die voorbeeld wat ek so pas genoem het. Moet nie opmerkings maak soos ek plaas die duif maar SAL NIE MET HOM TEEL NIE. Jy weet in elk geval nie hoekom die teler die duif gebruik nie. Moet nie op hokkaarte skryf dat die duif veerluise het nie. Skryf eerder dat die eienaar jou na die beoordeling moet kom sien. Moet in elk geval geen negatiewe kritiek op ‘n hokkaart skryf nie.

Probeer eerder die teler in ‘n persoonlike gesprek help al moet jy vir hom dalk ‘n goeie duif of twee, leen of gee. Onthou altyd dat jou handelswyse gaan bepaal of die teler volgende jaar weer sy ledegeld gaan hernu of nie. Onthou ook dat mense van mekaar verskil en dus kan een persoon baie meer fyngevoelig wees as ‘n ander persoon. Jou manier van beoordeling en jou positiewe kommen-


Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




April 2022


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

taar is belangrik vir die voortbestaan van ons Sierduifstokperdjie.

Sou jy bogenoemde stelsel van beoordeling nie verstaan nie is U altyd welkom om weer en weer my te kontak totdat ons op dieselfde bladsy is. Hierdie is vir my 'n belangrike saak en omdat ek baie kere betrokke was met opleiding van beoordelaars kan ek nie die belangrikheid van die regte beoordeling en kommentaar, genoeg beklemtoon nie.

**HOOFSTUK 8:**

**Standaard van die Norwich Kropper**

**Kop:** Klein in vergelyking met die grootte van die lyf, smal met 'n mooi kurwe van voor tot agter, effens voller in die voorkop, veral in mannetjies.

**Oê:** Is taamlik fier en die oogring is draadfyn.

**Bek:** Medium lengte met smal bobek wat effens na onder buig. Klein vratte.

**Krop:** Moet so groot moontlik wees met 'n ronding van alle kante gesien, vorentoe gedra en ontspring byna reghoekig vanuit die lyf, sluit aan vêr terug tussen die skouers, met 'n vol ononderbroke uitwaartse kurwe van die skouers tot by die skedelbasis. Die kante van die krop ontspring laag oor die skouers. Die hele krop moet die voorkoms hê van volle beheer en uiterste gemak wanneer dit opgeblaas is. Kroppe met 'n plat plafon, holrug kroppe en skewe kroppe moet gepenaliseer word. (Nie gediskwalifiseer nie)

**Lyf:** Skouers word hooggedra en styf teen die lyf gehou. Die rug is kort met 'n defnitiewe holheid. Die romp is reguit en vertoon fyn en glad. Borsbeen is reguit en vertoon baie min prominensie. Die lyf is die wydste tussen die skouers en spits so vining en egalig moontlik af na die aars (vent). Die lyf vertoon 'n wigvorm van alle kante gesien.

**Vlerke:** Medium lengte, goed gedefinieer en word styf teen die lyf gedra terwyl die boonste deel van die onderlyf en bene sigbaar is. Die vlerkpunte rus op die stert met omtrent 19mm spasie tot by stertpunt.

**Stert:** Is dig geslote en word net bokant grond gedra. By swart en blou duiwe is die stert dieselfde kleur en by rooi en geel is die stert wit.

**Bene:** Is in die middel van die lyf geplaas maar nie so hoog dat dit lyk asof die bene uit die krop ontspring nie. Van voor gesien is die bene reguit met slanke bobene en glad geveer. Die onderbene en voete is skoon sonder voetvere. Lengte van die binnekant van die bobeen tot by die bal van die voet is 9.5 tot 10.0cm lank. Duif moet nie langer wees as 381 mm nie, gemeet vanaf punt van bek tot by punt van stert.



***"Bou eers die huis dan Verf jy hom"***

***Nando Oosthuizen***


Vir mense wat my nie ken nie ek is Nando Oosthuizen en is al in die duiwe sport my hele lewe "basicly" groot geword met duiwe. My pa wyle Corrie Oosthuizen was een van die beste Birmingham Roller telers en dit was ook die ras wat my die lus gegee het om die "crazy sport" van duiwe te betree.

So met die het ek ook al van klein tyd af saam skoue toe gegaan, ander rasse beleef vir die eerste keer en agter gekom Norwitch Croppers is ook maar 'n top ras en ek was mal oor hulle maar niks kon kom by die Rollers nie. So het ek ook al duiwe dae en skoue bygewoon en ek luister altyd wat die



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

mense praat want mens kan nooit teveel leer oor duiwe nie. Maar daar is 'n patroon wat ek agter gekom het wat vir my persoonlik nie reg is nie.



Ek hoor hoe mense praat oor die ras wat hulle teel en hoe hulle dink die duif moet lyk en net vir sekere eienskappe teel en vergeet heeltemal daar is 'n standaard vir 'n rede, as die standaard byvoorbeeld iets sê oor die Norwich Kropper se krop en die verhouding van die krop en so voorts, help dit nie net jy teel groot kroppe nie en kom op 'n skou en jou duif verloor maar jou argiment is "my duif se krop was die grootste" of "kyk net hoe groot blaas my duif hoe kan hy verloor teen daai duif". Maar dan is die duif net krop en jy het heeltemaal vergeet van die res van wat die standard vir jou sê oor die res van die duif. (wat ek hier bo sê was net as 'n voorbeeld gebruik). Ek het dit nou al gesien en gehoor met vele rasse, maar al wat mens moet doen is sit die duif (ras waarmee jy teel) in 'n loop ring "print" vir jou 'n foto op skaal en sit dit agter in die loop ring en vergelyk. Gaan na ander ouens se hokke toe want hoe meer mens dit doen hoe minder sal mens ly an "loft blindness".

As mens sit met een van die beste van 'n ras en almal weet dit hoekom is die teler so bang om ander ouens of nuwe ouens te help wat die sekere ras ook will begin teel? Ons almal probeer mos die ras bevorder so hoe meer mense die ras teel hoe beter sal die gene poel wees en daar is eintlik regte kompetisie op skou dag. Dit help nie mens gee of laat iemand betaal vir duiwe wat jy uit jou hok wil skop of van ontslae wil raak nie. Want as jy hulle nie wil hê omdat hulle nie die tipe het nie hoekom moet 'n ander ou hulle probeer reg teel, dit sal nooit gebeur nie! Ek sê ook nie gee goeie kwaliteid duiwe verniet weg nie maar help jou mede duiwe boere. Die beste voorbeeld van ouens wat nie bang is on te help met goeie duiwe nie is seker die Mookee ouens.

Die ander ding wat ek dink persoonlik is 'n groot sonde in die sport, is mense wat rasse uitbaster vir kleur. Ek weet nie hoekom mens so mal gaan da



aroor nie die standaard sê mos vir jou watse kleure in daai duif voor kom en hoe dit moet lyk en as daar sekere merke of eienskappe is wat jy moet volg. Oupa Christo Munnik en my pa het altyd 'n goeie ding gesê "al die duiwe lyk vir my wit". Teel eers die duif vir tipe soos die standaard sê dan worry mens watse kleur hy is. Die gebaster ding, die babas sal altyd daai eienskappe dra maak nie saak hoeveel generasies mens teel nie en dit sal deur kom iewers. As 'n voorbeeld verlede jaar desember toe ek rollers teel eweskielik teel ek een roller met 'n kuif en daar was nog nooit 'n kuif kop in ons hokke nie. Ek weet die kuifkop in 'n roller is iets wat al vir jare bestaan maar dit was in geteel iewers. Die ander ding is as mens nie jou vorige gebasterde duiwe as jy hulle weer geteel het dood maak nie kom daai gebasterde ding uit by 'n nuweling in duiwe en hy dink die duif moet so lyk. Hy kom dan op 'n skou en kry 'n "massive surprise". Ons duiwe rasse word vervuil en jare terug gesit in die tipe rasse en dit is hartseer

So om af te sluit will ek net sê of nee net vra asseblief "bou eers die huis dan verf jy hom" dan behoort mens beter tipe duiwe te hê op skoue en ons verbeter saam die sport.

(alles waaroor ek gepraat het is my opinie en wat ek dink)

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R250 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

***Leer my Here om vrolik te wees, want hierdie wêreld benodig vreugde***

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 2434 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 2300 |
| 2. | Northern Cape: | 1550 |
| 3. | Eastern Province: | 1050 |
| 4. | Eastern Region: | 750 |
| 5. | KwaZulu-Natal: | 700 |
| 6. | Western Transvaal: | 696 |
| 7. | SW Districts: | 631 |
| 8. | Freestate | 50 |
| 9. | Western Cape: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

***'n Man wat nooit foute maak nie, maak ook niks anders nie***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873